

SILVERLAB MESH NEBULISER

Dankie dat u hierdie produk gekoop het. Lees die handleiding aandagtig deur en bewaar dit vir latere gebruik. Maak seker dat u die handleiding vir ander gebruikers toeganklik maak.



INHOUD

1. Maak kennis met u instrument
2. Tekens en simbole
3. Veiligheids inligting en waarskuwings
4. Nuttige inligting oor die toestel
5. Beskrywing van die toestel en bykomstighede
6. Aanvanklike gebruik
7. Hantering
8. Skoonmaak en ontsmetting
9. Berging
10. Probleemoplossing
11. Tegniese spesifikasies

1. Om u instrument te leer ken

Hierdie verstuiver (nebuliseerder) is 'n gas membraan verstuiver vir die behandeling van die boonste en onderste lugweë.

Die verstuiwing (nebulisering) en inaseming van medikasie, voorgeskryf of aanbeveel deur 'n gesondheidsorg praktisyn, kan sekere siekte toestande van die asemhalingstelsel help voorkom, hul nuwe effekte help behandel en herstel daarvan versnel.

Raadpleeg u gesondheidsorg praktisyn vir meer inligting oor moontlike toepassings.

Die toestel is geskik vir inaseming tuis of in sekere gesondheidsorg fasiliteite. Voorgeskrewe medikasie moet slegs ingeasem word in opdrag van 'n gesondheidsorg praktisyn.

Inaseming moet in 'n rustige en ontspanne atmosfeer plaasvind. Asem stadig en diep in sodat die medisyne die klein brongi in die longe kan bereik. Asem normaal uit.

2. Tekens en simbole

Die volgende simbole verskyn in hierdie instruksies



Waarskuwing

Waarskuwings instruksie wat dui op die risiko van besering of gesondheid skade

Belangrik

Veiligheids aanduiding van moontlike skade aan die eenheid / bykomstighede

Nota

Nota oor belangrike inligting

3. Veiligheids inligting en waarskuwings



Waarskuwing

- i. Voordat u die toestel gebruik moet u seker maak dat daar geen sigbare skade aan die eenheid of toebehore is nie. As u twyfel, moet u die eenheid nie gebruik nie en kontak u handelaar of kliëntediens. Wanneer u pyn of siektes het, moet u altyd eers met u gesondheidsorg praktisyn in verbinding tree.
- ii. As u enige kommer het oor u gesondheid, kontak u gesondheidsorg praktisyn.
- iii. Gebruik voorgeskrewe medikasie slegs op voorskrif en aanbeveling van u gesondheidsorg praktisyn.
- iv. As die eenheid nie korrek funksioneer nie, of as u sleg voel of pyn ervaar, moet u dadelik ophou om die eenheid te gebruik en u gesondheidsorg praktisyn skakel.
- v. Hou die eenheid tydens gebruik weg van die oë, aangesien sommige medikasie die oë kan irriteer of beskadig.
- vi. Moenie die eenheid in die teenwoordigheid van vlambare gasse gebruik nie.
- vii. Moenie die toestel naby elektromagnetiese senders gebruik nie.
- viii. Die toestel word nie aanbeveel vir gebruik deur kinders of persone wat fisies, sensories of verstandelik ingekort is of onervare is om die toestel te kan gebruik nie, tensy onder die toesig en hulp van 'n verantwoordelike persoon wat veiligheid kan verseker.
- ix. Moenie die eenheid in water dompel nie en moet dit nie in nat kamers gebruik nie. Moenie dat enige vloeistof die eenheid binnedring nie.
- x. Verwyder die batterye van die toestel as u dit vir 'n lang periode nie sal gebruik nie. Lekkende batterye kan die toestel beskadig.



Belangrik

- i. Stoor die toestel op 'n plek wat beskerm is teen omgewingsinvloede. Die toestel moet in die gespesifiseerde omgewingstoestande gestoor word.
- ii. Moenie vloeistowwe gebruik wat 'n viskositeit (dikte) van meer as 3 het nie, aangesien dit die gaas membraan onherstelbaar kan beskadig.
- iii. Moenie medisyne in poeivorm gebruik nie (al is dit ook opgelos).
- iv. Moenie die toestel skud nie, want dit kan vloeistof laat lek, en die toestel kan beskadig word.
- v. Ontkoppel die kabel vanuit die USB poort na gebruik.
- vi. Skakel die eenheid onmiddellik af as dit defektief of onklaar voorkom.
- vii. Die vervaardiger sal nie aanspreeklik gehou word vir skade of beserings wat veroorsaak word deur onbehoorlike of verkeerde gebruik nie.

4. Nuttige inligting oor die toestel

Toebehore

Die veilige werking van die toestel kan slegs gewaarborg word as die bykomstighede wat deur die vervaardiger aanbeveel word, gebruik word.



Belangrik

Beskerming teen lekkasies

Wanneer u die medisyne houer met medisyne vul, moet u seker maak dat u nie die maksimum punt (8 ml of 8 cc) oorskry nie. Die aanbevole vul vlak is tussen 2 ml en 8 ml.

Tydens gebruik kan u die toestel in enige rigting tot 'n maksimum hoek van 45 ° kantel sonder om die funksie of die sukses van die behandeling te benadeel. Probeer egter om die toestel soveel moontlik regop te hou.

Outomatiese afskakeling


Die toestel het 'n outomatiese afskakel funksie. Om skade aan die gaas membraan te voorkom skakel die toestel outomaties af wanneer die medisyne / vloeistof amper heeltemal opgebruik is.



Moenie die toestel gebruik as die medisyne houer of watertenk leeg is nie. Die toestel skakel outomaties af as die vloeistof nie meer in kontak is met die gaas membraan nie.

Van tyd tot tyd mag dit nodig wees om die kondensasie vloeistof op 'n sneesdoekie of lap uit te skud om te voorkom dat die toestel tydelik ophou funksioneer. Hierdie normale opbou van kondensasie is as gevolg van die kragtige werking van die toestel.

5. Beskrywing van apparaat en toebehore

- a. Vir die gemak sal die volgende 1. Medisyne houer en 2. Gaas-verstuiver die medisyne beker genoem word (beeld 12 onder)






7. Volwasse masker



8. Kind masker



9. Mondstuk



10. Batterye



11. USB-kabel

1. Medisyne houer
2. Gaas verstuiver
3. Aan / Af knoppie / Operasionele LED se
 - a. Groen (links) = toestel is gereed
 - b. Rooi (regs) = verander batterye / lae battery krag
4. Apparaat hoofdeel
5. Battery kompartement
6. USB koppelaar
7. Volwasse masker
8. Kind masker
9. Mondstuk
10. Batterye (twee AA tipe)
11. USB kabel
12. Medisyne beker

6. Aanvanklike gebruik

Voordat die eenheid vir die eerste keer gebruik word




Notas

Die verstuiver en bykomstighede moet skoongemaak en ontsmet word voordat hulle vir die eerste keer gebruik word. Vir inligting hieroor, sien "Skoonmaak en ontsmetting".

Samestelling en koppeling

1. Verwyder die eenheid vanuit die verpakking.
2. Koppel die medisyne koppie module (verw. 12), druk asseblief die "PUSH" knoppie, en trek die medisyne koppie module (beeld 2).




Beeld 1

Beeld 2

Insit van batterye

1. Om die battery kompartement (verw. 5 & beeld 3) aan die onderkant van die toestel oop te maak, druk dit liggies uit en trek die deksel van die battery kompartement in die rigting van die pyle en vou dan die deksel oop.
2. Plaas 'ALKALINE' of herlaaibare batterye (tipe AA) in.
3. Maak seker dat die batterye se pole korrek kontak maak in die toestel.
4. Vou die deksel van die battery kompartement weer na onder en druk dit terug in die teenoorgestelde rigting na die pyle.



Notas

1. Wanneer u batterye vervang, moet u seker maak dat die medisyne houder heeltemal leeg is, anders is daar 'n risiko vir lekkasies.
2. Wanneer die regterkantste rooi LED lig (verw. 3) skyn, vervang die batterye. Die verstuiver raak minder effektief as die batterye pap word.
3. Jy kan die toestel ongeveer 60 -90 minute gebruik met nuwe litium batterye.
4. As die eenheid vir 'n lang tyd nie gebruik gaan word nie, moet jy die batterye verwyder.

Gebruik van die toestel deur middel van die USB kabel

1. Druk die USB-kabel in die D/C verbindings aansluiting in.
2. Druk die ander kant van die kabel in 'n USB poort in.

7. Hantering

Voorbereiding

Vir higiëniese redes is dit noodsaaklik dat die verstuiver en gepaardgaande bykomstighede skoonmaak en ontsmet word na elke gebruik.

As die behandeling vereis dat verskillende medisyne agtereenvolgens ingeasem word, moet u seker maak dat die medisyne beker module na elke gebruik uitgespoel word.

Vul die verstuiver

1. Maak die medisyne houer (verw. 1) oop deur die klip op te lig en vul die medisyne houer met **Silverlab ioNano46™** of **Silverlab Daily Immune Booster & Anti-Microbial Liquid**. Moenie oor-vul nie! Die maksimum aanbevole vul-hoeveelheid is 8 ml/8 cc (verw. 1)
2. Gebruik geskeduleerde medisyne slegs op aanbeveling en voorskrif van 'n gesondheidsorg praktisyn en kyk na die geskikte inhalasie duur en korrekte doserings.
3. As die aanbevole dosis van die medisyne minder as 2 ml is, voeg hierdie hoeveelheid by ten minste 4 ml en gebruik slegs isotoniese soutoplossing vir verdunning. Viskose medisyne kan ook verdun word. Volg altyd die aanwysings van u dokter. Punt 3 is slegs van toepassing op middels wat verdun mag word.
4. Maak die deksel van die medisyne houer toe en sluit die klip (beeld 7).

Koppeling van toebehore

1. Koppel die bykomstighede (mondstuk, volwasse masker of kind masker) stewig aan die saamgestelde medisyne houer (verw. 1).
2. Plaas die mondstuk in u mond en sluit u lippe stewig rondom dit. Indien u een van die maskers gebruik, plaas dit oor die neus en mond.
3. Skakel die toestel aan met die aan / af-knoppe (verw. 3).
4. Die spreij begin uit die toestel kom en die verligte groen LED's links (verw. 3) wys dat die toestel perfek werk.

Korrekte inaseming

Asemhalings tegniek:

1. Die regte asemhalings tegniek is belangrik om te verseker dat die deeltjies so wyd moontlik in die lugweë versprei word. Om die lugweë en longe te kan binnedring, moet u stadig en diep inasem, kort asem ophou (4 tot 6 sekondes) en dan vinnig uitasem.
2. In die geval van ernstige asemhalings toestande moet u onder voorskrif en aanbeveling van 'n gesondheidsorg praktisyn behandel word.
3. Sekere medisyne is slegs op voorskrif beskikbaar, maar **Silverlab** produkte is sonder voorskrif beskikbaar.



Notas

U moet die toestel so regop as moontlik hou. As dit effens gekantel word, sal dit nie die funksie beïnvloed nie, aangesien die houer lekvry is. Om te verseker dat die toestel korrek funksioneer, moet u seker maak dat u dit nie meer as 45 ° in enige rigting kantel nie en dat die medisyne in kontak is met die gas membraan. Dit behoort minder as 6 minute te neem om 5 ml vloeistof te nebuliseer.



Belangrik

Essensiële olies, hoesmedisyne, oplossings wat ontwerp is om te gorrel en druppels vir aanwending op die vel of vir gebruik in stoombaddens, is heeltemal ongeschik vir inaseming met die verstuiver.

Einde van inaseming:

1. Na behandeling, skakel die toestel af met die aan / af-knoppie (verw. 3).
2. Beide die LED's (verw. 3) gaan af.
3. Sodra die vloeistof op gebruik is, skakel die toestel outomaties af. Om tegniese redes kan daar nog 'n klein hoeveelheid vloeistof in die medisyne houer agter bly.
4. Indien van toepassing, trek die USB kabel (verw. 6 & 10) uit die D / C koppelaar.

8. Reiniging en ontsmetting



Waarskuwing

Volg die volgende higiëne-instruksies om gesondheidsrisiko's te voorkom. Die verstuiver en bykomstighede is bedoel vir veelvuldige gebruik. Let daarop dat die skoonmaak- en higiëniese kondisionering vereistes verskil volgens die verskillende toepassings areas.



Notas

1. Moenie druk op die gaas membraan met borsels of iets soortgelyk plaas nie, want dit kan die gaas membraan maklik deurdring en onherstelbare skade veroorsaak en die waarborg ongeldig maak. Die metaal is baie dun en kan maklik deurdring word.
2. Voordat u die toestel of die medisyne-kamer skoonmaak, moet u eers die batterye of USB kabel verwyder voordat u dit skoonmaak, aangesien die vloeistof in die elektroniese komponente kan in lek. Enige vloeistof wat die eenheid binnedring, kan die elektriese onderdele beskadig en die funksie van die toestel benadeel.

Reiniging:

1. Verwyder die mondstuk en alle bykomstighede uit die verstuiver.
2. Voeg 6 ml skoon water in die medisyne houer (verw. 1) en skakel die toestel aan om eers enige medisyne-residu uit die gaas membraan te verwyder. Gebruik al die water op.
3. Verwyder die batterye.
4. As daar tekens van mediese oplossings of onsuiverhede op die goudkleurige kontakte op die toestel en verstuiver bly, gebruik watte om dit te verwyder.

Ontsmetting:

Reinig eers die versuiver en bykomstighede soos beskryf onder "Reiniging".

Silverlab ioniese⁺ Kolloïdale Silwer dien as 'n ontsmetmiddel opsigself.

Die maskers of mondstuk kan vir 2 minute in warm water gekook en dompel word na die laaste gebruik van die dag, of voor gebruik deur 'n ander persoon.

Afdroog:

1. Droog alle komponente versigtig af met 'n sagte, skoon lap
2. Skud die gaas verstuiver liggies agtertoe en vorentoe (5 tot 10 keer), sodat die water binne verwyder word.
3. Plaas die individuele komponente op 'n droë, skoon en absorberende oppervlak en laat dit heeltemal droog word (vir minstens 4 uur).



Notas

Maak seker dat alle dele deeglik droog word na skoonmaak, anders is daar 'n verhoogde risiko van bakteriële groei. Sodra alle komponente ten volle droog is, plaas die verstuiver en komponente in 'n droë houer wat kan seel. Maak seker dat die medisyne houer heeltemal droog is deur dit te skud, andersins kan die verstuiver dalk nie behoorlik funksioneer nadat die toestel weer saamgestel is nie. As dit die geval is, haal die medisyne houer weer uitmekaar en skud dit sodat die water kan ontsnap. Sodra dit weer saamgestel is, moet die verstuiver weer soos gewoonlik behoorlik funksioneer.

9. Berging

1. Moenie die verstuiwer in 'n klam omgewing (bv. in die badkamer) bêre nie en moenie dit saam met klam voorwerpe vervoer nie.
2. Bewaar en vervoer die verstuiwer weg van direkte sonlig.

10. Probleemoplossing

Probleem vraag	Moontlike oorsaak / oplossing
Die verstuiwer produseer min of geen aërosol nie	<ol style="list-style-type: none"> 1. Onvoldoende medisyne in die verstuiwer. 2. Die verstuiwer word nie regop gehou nie. 3. Die gebruikte medisyne is ongeskik vir verstuiving (bv. te dik - viskositeit moet minder as 3 wees) 4. Die metaal kontakte tussen die medisyne module en die liggaam is vuil. 5. Kondensasie het opgebou. Skud die gekondenseerde vloeistof versigtig uit op 'n sneesdoekie of lap.
Die uitset is te laag	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die batterye is pap. Vervang die batterye of koppel die kragbron en probeer weer. 2. Daar is lug borrels in die medisyne houër wat voorkom dat die medisyne deurlopend in kontak met die gaas membraan kom. Kontroleer en verwyder asseblief lug borrels. 3. Deeltjies op die gaas membraan belemmer die uitset. Om die deeltjies te verwyder, vul die verstuiwer met 2 tot 3 druppels asyn en 3 tot 6 ml water en skakel die toestel aan tot die oplossing heeltemal op is. Moenie hierdie mengsel inasem nie en sorg dat u die medisyne houër daarna skoonmaak en ontsmet. 4. Gaas membraan is verweer.
Watter medisyne is geskik vir inaseming?	Slegs 'n gesondheidsorg praktisyn moet aanbeveel watter voorgeskrewe medisyne u moet gebruik om u toestand te behandel. Daar is gevind dat Silverlab ioNano46™ en Silverlab Daily Imuune Booster & Anti-Microbial Liquid geskik is vir gebruik in 'n gaas verstuiwer. Met 'n gaas verstuiwer kan u medisyne met 'n viskositeit laer as 3 atomiseer.
Van die vloeistof bly in die verstuiwer agter	Dit is normaal en kom om tegniese redes voor. Stop met inaseming sodra u 'n duidelike verskil in die geluid van die verstuiwer kan hoor, of as die toestel outomaties afskakel as gevolg van onvoldoende inaseming.
Watter spesiale stappe moet geneem word vir babas en kinders?	<ol style="list-style-type: none"> 1. By babas moet die masker die mond en neus bedek om effektiewe inaseming te waarborg. 2. In kinders moet die masker ook die mond en neus bedek. NOTA: Kinders moet slegs die toestel met hulp en onder toesig van 'n volwassene gebruik. MOET NOOIT 'n kind alleen by die verstuiwer laat nie.

Inaseming met die masker neem langer	Dit is om tegniese redes. Minder medisyne word per asem deur die masker gate ingesem as wanneer die mondstuk gebruik word. Die aërosol word gemeng met omringende lug deur die gate in die masker.
Het elke gebruiker hul eie bykomstighede nodig?	Dit is absoluut noodsaaklik vir higiëne redes.

11. Tegniese spesifikasies

Kragverbruik	2,0 W
Insette	5 V/1 A
Ossillasie frekwensie	110 kHz +/- 10 %
Kondensasie koers	≥ 0,2 ml/min
Geatomiseerde deeltjies	≤ 5 µm
Volume	Max 8 ml or 8 cc
Produk gewig	115 g +/- 10 %
Grootte (L x W x H)	45 x 45 x 100 mm
Behuising materiaal	ABS
Bedryfstoestand temperatuur	+5 °C to +40 °C
Relatiewe humiditeit	< 93 % RH nie-kondenserend
Bergings- en vervoer temperatuur	-20 °C to +50 °C
Relatiewe humiditeit	< 93% RH nie-kondenserend

Versprei deur:

Silverlab Healthcare
27 Malta Straat
Cosmo Besigheid (Business) Park
Roodepoort, 2188
SUID AFRIKA
www.silverlab.co.za
Kliëntediens: +27 83 450 2112
info@silverlab.co.za

Laas hersien op 10 Maart 2021